**Vrydag 24 Junie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 53:1-5; HK Sondag 16, Antwoord 44**
**Fokusgedeelte: Jesaja 53:4, 5**

## Die betekenis van Christus se lyding in helse smarte

Ons het gesien wat die lyding in helse smart vir Christus beteken het. Ons moet egter deur die geloof terdeë daarvan bewus wees dat Hy die verskriklike lyding ter wille van *ons* verduur het. Sy lyding aan die kruis, soos vertolk in sy vierde kruiswoord, het vir ons minstens drie heel besondere betekenisse.

*Eerstens* is dit vir ons ’n aangrypende en besielende bron van troos. Hierdie troos word op kostelike wyse in ons belydenis saamgevat as daar oor die helse lyding van Christus geantwoord word: “Sodat ek in my swaartste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus *my ... van die helse benoudheid en pyn verlos het.*” As ek dus deur die geloof aan Christus behoort, hoef ek die smarte van die hel nie meer te vrees nie, want ek weet: Christus het dit alles vir my en in my plek verduur om my daarvan te bevry (Jes. 53:4, 5). Daarom moet ek egter ook voortaan toon dat ek Hom met my hele lewe daarvoor wil dank en eer. Hierdie onmeetlike groot weldaad van Christus aan ons moet ons ontroer en vervul met opregte liefde en dank teenoor Hom.

Die *tweede* wat ons hier leer, is dat Christus vir ons die voorbeeld stel om in ons grootste smarte en benoudhede nog deur die geloof aan God te bly vashou. Dit gebeur dikwels dat gelowiges wat swaar beproewings deurmaak, moedeloos of opstandig word en met twyfel in hulle harte begin vra: Is daar werklik ’n God? Hoe kan Hy ’n God van liefde wees as dit so met my gaan? So ’n houding pas nie by ’n gelowige nie. Ook in donker dae van beproewing moet ek aan God bly vashou soos Christus wat Hom in sy verskriklike lyding nog “my God” genoem het.

Die *derde* betekenis wat uit Christus se lyding in Godverlatenheid tot ons kom, is dat dit aan ons die heerlike en vertroostende versekering gee dat, omdat Hy van God verlaat was, ons as vrug van hierdie versoeningsarbeid van Hom, *nooit meer deur God verlaat sal word nie* (vgl. Ps. 9:11; 23:4; Jes. 43:1-5; Matt. 28:20; nagmaalsformulier). God is by my al die dae van my lewe. God is by my in my jeug as ek sterk en vol energie is, maar ook in die ouderdom as ek die geleidelike aftakeling van my liggaam duidelik opmerk. God is by my as ek gesond en lewenslustig my werk doen, maar ook as ek swak en siek is en pyn verduur. God is by my op my huweliksdag, maar ook as ek by die oop graf van ’n geliefde staan. Al sou ander mense my verlaat en alleen laat, is ek tog nie eensaam nie, want om Christus ontwil is God altyd by my.